Maandag 1 Augustus 2011
Gebedsfokus op redding: Treinkondukteurs en kaartjiesondersoekers
Treinongelukke en voorvalle op treine wêreldwyd haal dikwels die nuus. Kondukteurs/kaartjieknippers kom elke dag voor allerhande gevare te staan. Hulle het ook talle geleenthede om pilare van die lig en liefde van Jesus te wees vir die mense wat openbare vervoer gebruik. Bid asseblief vir hulle redding, dat hulle aangeraak sal word deur Christene wat daagliks saam met hulle reis. Bid ook dat dié wat 'n Christelike getuienis het, hulle strategiese posisie sal gebruik om die mense wat elke dag hulle pad kruis, te beïnvloed en vir hulle te bid.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 1
Ramadaan begin vandag. In hierdie tyd voel ons daartoe gelei deur in gebed te fokus op 'n aantal lande met groot Moslembevolkings, en veral om te bid vir die evangelisering en die dissipelmaking van hierdie nasies. Daar sal ook elke dag 'n proklamasie uit die Skrif oor al die Moslems wees.

Die Moslembevolking van elke kontinent is soos volg: Afrika 400 miljoen, Midde-Ooste 250 miljoen, Asië 800 miljoen, Europa (Rusland ingesluit) 38 miljoen, Amerikas 5 miljoen, 'n totaal van 1,5 biljoen. Vader, laat hierdie Ramadaan 'n tyd wees waarin die liefde van Jesus Christus deurdring tot die harte, gedagtes, lewens en die gemeenskappe van Moslems wêreldwyd.

Soedan het 'n bevolking van 39 miljoen. Ongeveer 70% is Soenitiese-Moslems. Getroue Getuie, laat die oudio-weergawe van die Bybel sy weg vind in baie plattelandse gebiede in Soedan.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Niemand kom tot die Vader behalwe deur Jesus Christus nie (Joh.14.6).

Dinsdag 2 Augustus 2011
Gebedsfokus op herlewing
Laat ons bid vir die redding van die verlorenes. Ons is dikwels so oorweldig deur die maatskaplike en praktiese behoeftes van mense, dat ons vergeet dat hulle mense met 'n ewige bestemming is. Bid dat die evangelie van die vergifnis van sondes en versoening met God onder hulle verkondig sal word op 'n liefdevolle, nie-veroordelende manier. Want God het die wêreld so lief gehad dat Hy Sy enigste seun gegee het... (Joh.3:16).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 2
Die grootste godsdienste ter wêreld is die volgende: Moslems: 1,5 biljoen; Boeddhiste: 376 miljoen; Chinese tradisionele godsdienste: 400 miljoen, Animiste/Afrika tradisioneel/ander: 450 miljoen; Hindoes: 900 miljoen; Sekulêr/Ateïste of Ateïsties: 1,1 biljoen en Christene van alle denominasies: 1,6 tot 2 biljoen. Vader van die nasies, ons bid dat U hierdie jaar werkers in hierdie oeste sal stuur soos nog nooit tevore nie en aan hulle guns sal gee om die evangelie te verkondig.

Sirië het 'n bevolking van 19 miljoen. Ongeveer 90% is Soenitiese-Moslems. Regverdige God, ons bid vir meer leesstof en oudio- en videomateriaal oor Jesus Christus om in te dring in die afgeleë gebiede van Sirië.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus het Sy kleed aan en op Sy heup is 'n naam geskryf: Die Koning van die konings en die Here van die here (Op.19:16).

Woensdag 3 Augustus 2011
Gebedsfokus op die vestiging van 24-7 gebedshuise
Bid dat die gebedsnetwerk in Indonesië ook na Suidoos-Asië sal uitbrei. Bid dat hulle visie vir dag-en-nag-gebed en vir sending wyer sal versprei na omliggende stede en lande. Vra dat groepe gelowiges sal begin bid vir die ekonomie van Suid-Afrika. Bid dat hulle sal volhard in gebed dat Sy wil sal geskied i.v.m. die welsyn van ons ekonomie op alle terreine.

Gebedsfokus op die ekonomie, sakesektor en arbeid
Baie werkers gaan deesdae gebuk onder die gevolge van MIV/VIGS. As dit nie die werkers self is wat aangetas is nie, kan dit 'n familielid wees. Bid vir wysheid vir die leiers van besighede, regerings en so meer om bystand te verleen ten opsigte van opvoeding rakende MIV/VIGS en ondersteuning aan werkers wat hulle sal gerusstel, aanmoedig en versterk in hulle pogings om te werk en mediese sorg vir familielede te bekom.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 3
Saoedi-Arabië het 'n bevolking van 28 miljoen. Ongeveer 100% is Soenitiese-Moslems. Koning van die konings, open deure vir die invoer van Bybels in Arabies in 'n vorm wat ongeletterde vroue en kinders sal bereik.

Somalië het 'n bevolking van 9,3 miljoen – Moslems 99,67% en Christene 0,33%. Die sendingwerk, wat altyd gevaarlik en vol hindernisse is, is in 1972 tot stilstand gedwing toe hulle eiendomme deur die nuwe Marxistiese regering genasionaliseer is. Bid dat werkers na Somalië geroep sal word, toegewyde werkers wat gereed sal wees wanneer hierdie geslote deure oopgaan.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus is die enigste lewende Seun van God die Almagtige (Mark.1:1).

Donderdag 4 Augustus 2011
Gebedsfokus op herlewing
Die probleem van armoede en die maatskaplike behoeftes van mense is baie ingewikkeld. Dit is een ding om mense te voed en te klee, maar 'n heel ander saak om hulle uit die put van armoede en vernedering op te trek, te help om met waardigheid te lewe en hulle in staat te stel om selfversorgend te kan wees. Dit is baie maklik om te beweer dat die armes en behoeftiges lui is en nie intelligent nie en dat hulle nie regtig wil werk nie. Dit kan waar wees vir 'n klein persentasie, maar dit is nie die volle waarheid nie. Bid dat Christene, politici, maatskaplike werkers en kerke 'n dieper insig sal kry in die komplekse situasie van die armes en behoeftiges sodat die beste maatreëls getref kan word om hulle doeltreffend te help.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 4
Die Verenigde Arabiese Emirate het 'n bevolking van 4,7 miljoen – Moslem 67,65% en Christene 8,55%. Huiswerkers uit die buiteland het veral unieke toegang en

getuieniskontak met hulle Arabiese werkgewers, hoewel hulle dikwels moeilike omstandighede ervaar. Bid dat hulle nederige getuienis baie na Jesus sal lei.

Tadjikistan het 'n bevolking van 7 miljoen – Moslem 93,93% en Christene 1,04%. Die hele Bybel is in Tadjik beskikbaar. Daar word gewerk aan 'n broodnodige vereenvoudigde vertaling waarvan die Evangelies reeds beskikbaar is. Bid vir fondse om die vertaling te voltooi, te druk en te versprei. Vra ook vir 'n toename in Christelike radio- en televisie-uitsendings.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus, die Seun van die mens, het mag op die aarde om sonde te vergewe (Matt.9:6).

8 VOORSTELLE VIR JOU BYBELSTUDIE- EN GEBEDSGROEP

Aanbid die Here voordat jy met jou gebedstyd en intersessie begin (Jak.4:7). Bid dan die volgende vir jouself en Moslems in jou dorp, streek en land:

1. ***Waar daar hoogmoed is, vra vir nederigheid***. Here, vernietig elke wortel van hoogmoed in my hart wat betref my gesindheid teenoor Moslems. Maak Moslems in my streek vry van godsdienstige hoogmoed. Bring ons almal in nederigheid voor U. (Spr.8:13, 16:18, 29:23).

2. ***Waar daar godsdienstigheid is, bid vir 'n persoonlike verhouding***. Here help my om nie godsdienstig te wees nie, maar om regtig met U te lewe en te wandel. Help alle Moslems in my area om u te leer ken en nie net sekere godsdienstige rituele uit te voer nie. (Joh.17:3).

3. ***Waar daar wettisisme is, bid vir vryheid***. Here, help my om in die vryheid van U Gees te wandel. Help my om iemand te wees wat ware vryheid van die Gees aan Moslems oordra. (Matt.7:3-5).

4. ***Waar daar agterdog is, vra vir vertroue***. Here, mag ons as gelowiges mense wees wat vertroue skep sodat Moslems kan glo en na die Messias, ons Here Jesus Christus, kan draai. (Hand.16:14).

5. ***Waar daar bitterheid is, vra vir sagmoedigheid***. Here, verwyder alle bitterheid uit my gesindheid teenoor Moslems. Help Moslems om enige bitterheid in hulle eie harte te verwerk en prys te gee. (Ef.4:31; Heb.12:15).

6. ***Waar daar vrees/intimidasie is, bid vir liefde***. Here, help ons om vrees te bowe te kom. U liefde verdryf vrees. Help my om so te leef. Moslems leef dikwels in vrees vir ander, vrees vir bose geeste en vrees vir die dood. (1 Joh.4:18, 2 Tim.1:7).

7. ***Waar daar wellus is, vra vir reinheid***. Ons, en alle Moslems, het nodig om van die korrupsie wat deur wellus in die wêreld is, los te kom. Moslems, net soos alle ander mense, is nie vry van pornografie en wellus nie. Omdat ons weet dat ons ook versoek word, bid vir jouself en vir hulle. (2 Pet.1:4, 1 Joh.2:16).

8. ***Waar daar geweld is, bid vir vrede***. Baie Moslems hou nie van die geweld wat hulle in sommige aspekte van Islam sien nie. Baie verwerp dit en weier om so te leef. Bid dat hulle die weg van vrede sal vind. Mag God ons as Christene help om nie bronne van geweld en haatdraendheid teenoor Moslems te wees nie. (Matt.5:9; Luk.1:78 en 10:5-6; Rom.3:17). (Bron: www.30-days.net)

Vrydag 5 Augustus 2011
Gebedsfokus op gesinne: Huwelike
Dra vandag veral egpare wat langer as 20 jaar getroud is, in gebed aan die Here op. Bid dat 'n nuwe sagtheid teenoor mekaar en geduld met mekaar in hierdie verhoudings sal kom. Bid dat hulle 'n goeie voorbeeld sal stel vir hulle kinders en vir jongmense wat wil trou. Bid dat veral mans hulle harte tot hulle gesinne sal keer en leiers van hulle gesinne sal wees en hulle sal bemoedig.

Gebedsfokus tydens Ramadaan:
1-30 Augustus 2011: Dag 5
Niger het 'n bevolking van 13 miljoen. Ongeveer 90% is Soenitiese-Moslems. Almagtige God, maak asseblief grensposte in Niger oop vir die inbring van Bybels en oudiomateriaal, vir die effektiewe verspreiding daarvan en dat baie harte verander sal word.

Nigerië het 'n bevolking van 154 miljoen. Ongeveer 50% is Soenitiese-Moslems. Jesus, openbaar Uself as die een en enigste waarheid aan die mense in Nigerië.

Proklameer oor alle Moslems: In die begin was die Woord (Jesus Christus), en die Woord (Jesus Christus) was by God, en die Woord (Jesus Christus) was God. Hy (Jesus Christus) was in die begin by God. Alle dinge is deur Hom gemaak, en sonder Hom het niks tot stand gekom nie. In Hom was die lewe, en die lewe was die lig van die mense (Joh.1:1-4).

Saterdag 6 Augustus 2011
Gebedsfokus op gesondheid: Hoë kindersterftes
Volgens die Verenigde Nasies se verslag oor kindersterftes is daar 12 lande in die wêreld, waarvan Suid-Afrika een is, waar 'n groot aantal kinders tydens geboorte sterf of voordat hulle een jaar oud is. Ongeveer 8 000 pasgebore babas het gedurende die eerste helfte van 2010 gesterf en ongeveer 20 000 word elke jaar dood gebore. (Webtuiste: http://www.sabcnews.com/portal/site/SABCNews/menuitem.5c4f8fe7ee929f602ea12ea1674daeb9/?vgnextoid=b77d3d7f2940d210VgnVCM10000077d4ea9bRCRD&vgnextfmt=default & channelPath=South Afric >> Health). Bid asb vir verdere mediese deurbrake vir die voorkoming van babasterftes hierdie jaar.

Gebedsfokus tydens Ramadaan:
1-30 Augustus 2011: Dag 6
Katar het 'n bevolking van 1,5 miljoen – Moslems 88,39% en Christene 5,91%. Geen wette teen proselitering kan die luggolwe en die Internet verhinder om Katar te beïnvloed nie. Bid dat evangeliese radio (FEBA, IBRA en ander), TV (Al Hayat, SAT-7 en ander) en Christelike webwerwe die huise en harte van die mense van Katar sal

binnedring. Die programme van Vader Zakaria maak ‘n groot impak op Katar en dwarsdeur die Arabiese wêreld. Baie webwerwe in die Arabiese taal, kletskamers en programme blyk ‘n kragtige effek te hê.

Rusland het ‘n bevolking van 140 miljoen – Christene 66,90% en Moslems 12,50%. Bid dat die volke van Rusland se harte honger en ontvanklik sal wees vir die stem van die Heilige Gees en vir die evangelie van Christus. Bid ook vir ‘n sterker visie vir uitreiking.
Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh.1:29).

Getroue gebed is besig om die Moslemwêreld te verander
God is aan die werk en gebruik baie verskillende maniere om Homself aan Moslems bekend te maak. Sommige reken dat 3-4 miljoen Moslems in die laaste 20-30 jaar tot geloof in die Messias gekom het. Dit is meer as te eniger tyd gedurende die hele afgelope 1 400 jaar (Mohammed het geleef tussen 570nC tot 632nC)! Die aantal bedieninge oor die Internet, radio, satelliet televisie en ander pogings in die media wat gerig is op Moslems, het ontplof. Die hoeveelheid literatuur, CD’s, DVD’s, Bybels en aflaaibare bronne wat beskikbaar is vir Moslems het betekenisvol toegeneem. Die aantal sendelinge wat in die Moslemwêreld werk, het ook betekenisvol toegeneem. Pogings om gelowige gemeenskappe in alle etniese groepe te vestig, word ‘n realiteit. Moslems word tans meer blootgestel aan ander kulture en godsdienstige gelowe as in enige ander tyd die afgelope 1 400 jaar.

Sondag 7 Augustus 2011
Persoonlike herlewing: Aanbid ons die Vader én die Seun én die Heilige Gees?
Baie Christene aanbid dikwels net een of twee van die Persone van die Drie-Eenheid. Sommige denominasies fokus sterk op die werk van die Heilige Gees en skuif Jesus en die Vader heeltemal op die agtergrond. Ander fokus weer sterk op Jesus en skuif die Vader en Heilige Gees op die agtergrond. Sommige fokus weer net op die Vader. Nog ander aanbid God en maak min onderskeid tussen die drie Persone van die Drie-eenheid. Wanneer ons een van die persone in die Drie-eenheid oor- of onderbeklemtoon, trek dit ons beeld van God skeef en lei dit tot verkeerde lering. Uiteindelik beïnvloed dit ons gebedslewe, ons verhouding met God en ons getuienis in die wêreld. Laat ons terugkeer na die Skrif en die Drie-Enige God: Vader, Seun en Heilige Gees aanbid. (Verwerk uit 100 Vrae oor Gebed deur Bennie Mostert).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 7
Pakistan het ‘n bevolking van 173 miljoen – ongeveer 97% is Soenitiese/Sjiïet Moslems. Jesus Christus, Lewende Woord, stel asseblief meer Bybels in Pakistan beskikbaar.
Die Filippyne het ‘n bevolking van 93,6 miljoen – Christene 92,25% en Moslems 5,65%. Geestelike energie is nie altyd gelyk aan die Bybelse waarheid nie. Die Filippyne is deurdrenk met sektes en kultusse wat Christelike begrippe met allerhande vals leringe vermeng. Bid asseblief vir duidelike Skrifgefundeerde verkondiging van die evangelie en dat baie Filippyne hulle gemengde praktyke sal laat staan.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus is die Ware Lig vir elke mens wat in die wêreld inkom. Hy was in die wêreld, en die wêreld is deur Hom geskape, en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na Sy eie mense toe gekom en Sy eie mense het Hom nie

aangeneem nie. Maar aan almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy die reg gegee om kinders van God te word (Joh.1:9-12).

Maandag 8 Augustus 2011
Gebedsfokus op redding: Vlieëniers
Dra vlieëniers in die vloot, lugmag, openbare vervoer en kleiner vliegtuie deur gebed aan die Here op. Bid dat elke individu vandag 'n ontmoeting met die Here Jesus Christus sal hê, dat hulle sal weet dat Hy werklik bestaan en persoonlik in hulle elkeen belangstel. Bid vir ontvanklike harte sodat hulle hulle lewens aan Christus sal oorgee en sal begin om teenoor ander vlieëniers daarvan te getuig. Bid dat hulle Jesus bo hulle loopbaan as die liefde van hulle lewe sal kies.

Gebedsfokus tydens Ramadaan:
1-30 Augustus 2011: Dag 8
Noord-Korea het 'n bevolking van bykans 24 miljoen – nie-godsdienstiges 69% en Christene 1,5%. Die kerk in Noord-Korea was die geboorteplek van die Koreaanse herlewing. Tydens die Koreaanse oorlog het die meeste Christene na die suide gevlug of hulle is doodgemaak en hulle kerke vernietig. Tot 100 000 Christene is in strafkampe geïnterneer. Die besit van die Bybel, om "God" of "Jesus" te sê en om as groepe gelowiges byeen te kom, is strafbaar met die dood. Bid vir Noord-Koreaanse gelowiges, dat hulle sal volhard in dié land waar dit seker die moeilikste is om as Christen te oorleef.

Oman het 'n bevolking van 2,9 miljoen – Moslems 88,72%, Hindoes 6,80% en Christene 2,76%. Die totale Moslemmeerderheid bly 'n groot uitdaging. Dit is onwettig om Moslems te probeer bekeer, en die paar Omanies wat gelowig geword het, ervaar groot druk om na Islam terug te keer. Sover bekend bestaan daar geen kerke onder die semi-nomadiese Mahra of Jibbali van Dhofar nie, ook nie onder die Baluch van die oostelike kusgebied, die plattelandse bevolking of die Swahilisprekendes nie. Bid vir 'n kragtige uitstorting van God se Gees op diedie mense van Oman sodat baie van hulle Christus sal leer ken.

Proklameer oor alle Moslems: Aan hulle wat geroep is …Christus is die krag van God en die wysheid van God (1 Kor.1:24-25).

Dinsdag 9 Augustus 2011
Gebedsfokus op vroue: Nasionale Vrouedag
Bid asseblief vir die Vrouedagviering vandag, dat die eer nie aan mense gebring sal word nie, maar aan God vir Sy Goddelike invloed op vroue se lewens. Bid dat vroue hulle vertroue in God sal stel, ook vir praktiese deurbrake met betrekking tot gender-kwessies. (Vir meer inligting oor hoe om deel te neem, kontak: National Women's Day Africa Christian Action, Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481, faks: 021 685 5884. Webwerf: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za).

Gebedsfokus op die redding van die Joodse volk
Vandag is die negende dag van die Hebreeuse maand Av en gedenk baie katastrofiese gebeurtenisse vir Israel. Die eerste en die tweede tempel is op hiedie dag vernietig, die Spaanse Inkwisisie het begin en Hitler het sy 'finale oplossing' om die Jode in Europa uit

te wis, bekend gemaak. Bid vandag dat baie Jode die Here Jesus Christus sal leer ken as die Een wat hulle genees en hulle liefhet. (Christian Friends of Israel. Tel./faks: 012 361 1437. Webwerf: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 9
Die Verenigde Koninkryk het 'n bevolking van 62 miljoen – Christene 59,66% en Moslems 3,20%. Die Christendom word al hoe meer gemarginaliseer. Christelike moraliteit en geloof in die uniekheid van Jesus word bestempel as "onverdraagsaam". Bid asseblief dat daar weer herlewing in hierdie nasie sal kom soos eeue gelede.

Toerkmenistan het 'n bevolking van 5,1 miljoen – Moslems 96,16% en Christene 1,83%. Die Turkmen NT is in 1994 gepubliseer, maar benodig redigering en hersiening. Werk gaan voort om die OT te voltooi. Bid dat dit gou afgehandel sal word; bid ook vir die invoer daarvan, die verspreiding en die impak op lesers.

Proklameer oor alle Moslems: Die brood van die Here is Hy (Jesus Christus) wat uit die hemel gekom het en lewe aan hierdie wêreld gegee het (Joh.6:33).

WAT MOSLEMS DINK VAN JESUS
- Jesus is wonderbaarlik deur God in die maagd Maria se baarmoeder verwek.
- Jesus is slegs 'n profeet, Hy is nie God nie (nie die Seun van God nie en nie God in die vlees nie).
- Moslems glo selfs dat Jesus as baba gepraat het en gesê het dat hy 'n profeet is.
- Volgens Islam was Jesus eintlik 'n goeie Moslem en Hy het 'n vroeë vorm van Islam aan die Jode verkondig. 'n Mens kan 'n Moslemverslag van die lewe van Jesus lees in die sogenaamde "Evangelie van Barnabas." Hierdie dokument het in sy huidige vorm in die 14de – 16de eeue nC verskyn. Dit kon dalk selfs teen daardie tyd eers geskryf gewees het.
- Jesus sal eendag weer kom, Hy sal trou en kinders hê. Hy sal die foute regstel wat die Christene oor Hom verkondig het. Hy sal sterf, in Medina begrawe word en soos alle mense in die Laaste Oordeel geoordeel word.
- Jesus is nie die Regter van die mensdom nie.

Woensdag 10 Augustus 2011
Gebedsfokus op die vestiging van 24-7 gebedshuise
Bid vir die leierskap van alle kerke, vir 'n groter bewustheid van die dringendheid van dag-en-nag- gebed. Vra vir 'n deurbraak in die harte van die kerkleiers om persoonlik deel te neem en om dag-en-nag-gebed in hulle gemeentes aan te moedig.

Gebedsfokus op die Swart Dag in Indië
In 1950 is wette goedgekeur wat diskrimineer teen Christene, Moslems en Dalits. Sedertdien staan 10 Augustus as die Swart Dag bekend [dag van rou]. Diegene "wat 'n ander godsdiens as Hindoeïsme bely" word nie beskou as lede van groepe wat op bepaalde regte kan aanspraak maak nie. In die verderflike kastestelsel word Dalits bykans alles ontneem. Hulle maak 16% van Indië se bevolking uit en twee derdes van Indië se Christene. (Webwerf: http://www.asianews.it/news-en/August-10:-day-of-mourning-against-discrimination-of-Christians-and-Muslim-Dalits-19140.html). Bid vandag vir Indië en vra dat miljoene Indiërs sal hoor van die reddende mag van Jesus

Christus. Hou aan om vir die Hindoes in die regering en leierskapsposisies te bid sodat hulle persoonlike onmoetings met die Here Jesus Christus sal hê.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 10
Marokko het 'n bevolking van 34 miljoen. Ongeveer 99% is Soenitiese-Moslems. Goeie Herder, laat die JESUS Film versprei word in nuwe dialekte in Marokko, en laat die saad wat gesaai word opkom en groei tot volwassenheid.
Mosambiek het 'n bevolking van 23,4 miljoen – Christene 46,48% en Moslems 18,60%. Geestelike ontvanklikheid is een gevolg van die lyding en ontbering wat deurgemaak is. Gemeentes van inheemse Christene het oor die hele land opgeskiet. Bid dat die groeiende kerk in die fundamentele waarhede van die Skrif vir die nasie gevestig sal word.

Proklameer oor alle Moslems: En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy (Jesus Christus) vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van die ewige saligheid geword (Heb.5:9).

Donderdag 11 Augustus 2011
Gebedsfokus op herlewing
Volhard in gebed vir deurbrake in die behoeftes van die armes in Suid-Afrika. Dit is onvermydelik dat die regering, die kerk en ander welsynsorganisasies in die nood van die armes en behoeftiges sal moet voorsien en hulle moet ondersteun. Vra dat die Heilige Gees in die harte en gewetes van mense sal werk om betrokke te raak by die lewens van mense wat nie vir hulleself kan voorsien nie. Bid ook dat wanneer hulp aangebied word, dit nie op 'n hoogmoedige en vernederende manier gedoen sal word nie. Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld (Jak.1:27).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 11
Maldive het 'n bevolking van 313 920 – Moslems 99,04% en Christene 0,17%. Die Maledivers tel steeds onder die nasies wat die minste geëvangeliseer is ter wêreld. Nie sendingwerk of Christelike literatuur is nog ooit daar toegelaat nie. Bid asseblief dat hierdie situasie vanjaar sal verander, dat die deure onverwags sal oopgaan vir hierdie nasie, en dat Bybels ongemerk die land sal kan inkom. Hy is die God wat bronspoorte oopbreek.

Mauritanië het 'n bevolking van 3,3 miljoen – Moslems 99,75% en Christene 0,25%. Mauritanië is een van die wêreld se behoeftigste lande. Een derde van die kinders ly aan chroniese wanvoeding, en baie gesinne sukkel om in die basiese behoeftes te voorsien. Wydverspreide egskeidings veroorsaak ook maatskaplike probleme. Bid dat die Here Sy Vaderhart aan elke Mauritaniër sal openbaar. Bid dat die deure vir Christenwerkers sal oopgaan om weer die land te kan binnekom. Bid dat God deur die Heilige Gees die radio, TV, Internet en ander sosiale media sal gebruik om mense in hierdie geslote land te bereik.

Proklameer oor alle Moslems: Daar is immers een God en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus, wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het (1 Tim.2:5-6).

HOE OM TEENOOR 'N MOSLEM TE GETUIG

Dit is moontlik om Moslems te help om die lewende Messias te ontdek. As 'n mens met Moslems oor die Here praat, moet 'n mens die Moslemkultuur en –godsdiens in aanmerking neem. In daardie opsig sal ons gesprekke met Moslems anders wees as soortgelyke gesprekke met ander mense. Die boodskap is dieselfde, maar die metodes om dit bekend te maak, verskil.

Afhanklikheid van die Heilige Gees. Ons kan nie ons algehele afhanklikheid van die ingryping van die Heilige Gees genoeg beklemtoon nie.

Werk met 'n spesifieke plan. God wil ons gebruik om die Messias aan Moslems bekend te stel deur die evangelie. Ons doel moet wees om die boodskap vir ons Moslemvriende verstaanbaar en toeganklik te maak. Of hulle die boodskap aanvaar of nie, ons kan 'n verhouding met hulle opbou wat tot eer van die Here is.

Wees oop vir persoonlike en vriendelike kontak. Ons moet Moslems opreg liefhê en ons liefde vir hulle wys deur vriendelikheid en respek in ons verhouding met hulle. Soos met alle opregte vriendskappe moet ons tyd neem om ons Moslemvriende te verstaan, te waardeer en te help. Ons moet gewillig wees om van hulle te leer en opregte, aangename, wedersydse vriendskappe te ontwikkel.

Wees geduldig. Ons kan vryelik oor ons geloof praat vanaf die begin van ons verhouding met 'n Moslem, maar ons moet in gedagte hou dat die meeste Moslems baie keer sal moet hoor voordat hulle dit sal begin oorweeg om in die Messias te glo. Moenie teleurgesteld wees oor hulle besware nie. Onthou dit is die goedheid van God wat tot bekering lei (Rom.2:4).

Verduidelik die evangelie op 'n baie eenvoudige manier. Gebruik woorde en terme wat verstaanbaar is vir Moslems. Verduidelik jou begrip van die betekenis van terme soos sonde, gebed, God, Messias en geloof. Hierdie terme dra dikwels 'n ander betekenis aan Moslems oor.

Gee vir jou vriend 'n Nuwe Testament of 'n Bybel. Moedig hom/haar aan om dit gereeld te lees - veral die Evangelies.

Beklemtoon God se volmaakte heiligheid. God soek geregtigheid. Ons word as sondaars gebore en almal is slawe van sonde. Opvoeding en morele lering kan nie 'n mens se sondige natuur verander nie. Die mens moet 'n nuwe geboorte beleef.

Praat oor God se ingrype in ons lewens. Vertel van Sy getrouheid, Sy liefde, Sy geregtigheid. Moslems verstaan God nie as een wat beloftes gee en dit hou nie. Jou getuienis oor 'n ware en aktiewe godvresende geloof is baie belangrik.

Antwoord vriendelik op besware. Moenie toelaat dat julle in hewige argumente verval nie. Ons word geroep om vriende vir Jesus te maak en nie om argumente te wen nie. Moenie naïef wees as ons Moslemvriende geloof in Jesus Christus en die Bybel bely nie. In 'n sin glo Moslems in Jesus en in die Bybel; hulle geloof is egter baie verskillend van dit wat die Bybel ons leer. Hulle glo nie dit is moontlik om in 'n lewendige verhouding met God te staan soos ons glo nie. Jesus het gesê om God te ken is die ewige lewe (Joh.17:3). Dit beteken nie net om sekere dinge oor God te weet nie, maar om Hom persoonlik te ken.

In gevalle van isolasie sal Moslems wat die Messias soek vriende nodig hê, 'n gemeenskap van gelowiges. Moslems sal soms meer belangstel in Jesus wanneer hulle ons gemeenskap van gelowiges leer ken as wanneer hulle na ons mooiste verduidelikings oor ons Verlosser luister. Mag God ons help om werklik vir hulle vriende te wees wanneer hulle in ons Christelike gemeenskappe inbeweeg. Ons het

almal mekaar nodig. Om ander lief te hê is reg (1 Joh.3:14-15). Moslems wat tot geloof in die Messias kom het vriende nodig.
Daar is baie bedrog in Islam. Slegs die Here, wat waarheid is, kan mense in realiteit anker. Ons is almal al mislei. Ons het reiniging en bevryding nodig. Slegs die Here kan vir ons en vir Moslems ware oë gee om te sien en ore om te hoor. (Bron: www.30-days.net)
[Vir meer inligting oor wat om te vermy as jy teenoor 'n Moslem getuig, blaai na 19 Augustus].

Vrydag 12 Augustus 2011
Gebedsfokus op Kairos Prison Ministry in Suid-Afrika
Die missie van Kairos Prison Ministry in Suid-Afrika is om Christus se liefde en vergifnis te bring aan alle persone wat opgesluit is, ook aan hulle gesinne, en ook diegene wat met hulle werk, en om ondersteuning te verleen in die oorgang om produktiewe burgers te word na vrylating. Bid asseblief vir die 5 500 gevangenes wat die afgelope 11 jaar na Christus toe gelei is, die gevangenes wat die Here geoormerk het om Sy genade en vergifnis in die toekoms te ontvang, en vir genoeg Christene uit alle denominasies om vrywillig as God se hande en voete op te tree. (Webwerf: www.kairosministry.co.za of e-pos: andrepot@ybo.co.za).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 12
Malawi het 'n bevolking van 15,6 miljoen – Christene 76% en Moslems 16,90%. Die toename in Islam-aktiwiteit is 'n onrusbarende kwessie in Malawi. Meer as 80% van die Yao is Moslems, en maak die grootste deel uit van die Moslems in Malawi. Die Koran is in Chichewa vertaal. Bid vir 'n groter bewustheid en opleiding vir die toerusting van Christene om hierdie uitdaging te aanvaar en om die evangelie onverskrokke te bly verkondig. Bid dat Malawiese Christene gebedsgroepe sal vorm wat oor die hele land dag en nag sal intree vir hulle land en sy mense.

Maleisië het 'n bevolking van 28 miljoen. Ongeveer 60,4% is Soenitiese-Moslems. Vader van alle nasies, laat meer traktaatjies en oudiomateriaal beskikbaar gestel word in afgeleë plekke in Maleisië.

Proklameer oor alle Moslems: Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en Sy liefde vir die mens verskyn. Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van Sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee. God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser. So is ons dan deur Sy genade vrygespreek en het ons erfgename geword van die ewige lewe wat ons verwag (Titus 3:4-8).

Saterdag 13 Augustus 2011
Gebedsfokus op Hindoes: Raksja Bandhan
Die Hindoe-fees Raksja Bandhan vier broederskap en liefde tydens die volmaan in die maand van Sravana in die maankalender. Die woord raksja beteken beskerming, terwyl bandhan die werkwoord vir "bind" is. Tradisioneel het susters tydens die fees 'n armband, 'n rakhi, gemaak van geweefde rooi en gouddraad en dit om die polsgewrigte van hulle broers gebind om hulle verwantskap te vier. (Webwerf: http://www.bbc.co.uk/religion/religions/hinduism/holydays/raksha.shtml). Bid dat

die Here vandag vir elke Hindoe Sy wil deur Christus sal openbaar as hulle hemelse broer.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 13
Libië het 'n bevolking van 6.5 miljoen – Moslems 97,02% en Christene 2,64%. Radio en satelliet TV is twee van die baie min maniere om die Libiërs te evangeliseer. Die wydverspreide gebruik van televisieskottels (in die meeste huishoudings) stel SAT-7 en ander Christelike satelliet TV-uitsendings in staat om huise te bereik. Bid vir kreatiewe en doeltreffende programme met die vermoë om ontvanklike luisteraars dissipels te maak en bid vir die beskerming van diegene wat reageer. Bid dat die politieke veranderinge in hierdie land duisende na die ware God sal laat soek.

Macedonië het 'n bevolking van 2 miljoen – Christene 65,50% en Moslem 31,00%. Daar is talle etniese minderheidsgroepe en almal het behoefte aan geestelike bediening. Bid asseblief vir 'n toename in openlike getuienisse oor Jesus, en vir baie geleenthede om mense uit die Bybel te leer en die Bybel te versprei.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus [is die] die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos en ons sy koninkryk gemaak, priesters van God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen. (Op.1:5-7).

Wat Moslems glo van Jesus
- Moslems dink aan Jesus as 'n groot profeet wat 'n vroeëre vorm van Islam verkondig het.
- Hulle glo dat Jesus God se Messias is volgens die Koran, maar hulle het gewoonlik geen idee dat dit eintlik beteken dat Jesus God se gesalfde Koning en Verlosser vir die hele mensdom is nie.
- Moslems glo oor die algemeen dat hulle God se goedkeuring deur godsdienstige aktiwiteite (gebede, vas, gee van geld, ens.) kan verdien.
- Moslems dink nie hulle kan God ken nie. Hulle kan net van Hom weet.

(Bron: www.30-days.net)

Sondag 14 Augustus 2011
Persoonlike herlewing: Aanbid ons die Vader én die Seun én die Heilige Gees? (verv. 7 Aug.)
Dit is algemeen dat baie mense God as Vader aanbid en uit die oog verloor dat die Vader ook God is. Ons verhouding met die Vader fokus dikwels op intimiteit, versorging, om deel van 'n gesin te wees, op beskerming en sekuriteit. Wanneer ons egter aan God dink, is daar duidelik 'n ander begrip van God as van die begrip Vader. Die beskrywing "God" is meer as net die begrip "Vader". In die woord God verstaan ons ook iets van die oppergesag van God, die onveranderlikheid van God, die oordeel, wraak en straf van God oor sonde, die heiligheid van God en dat God 'n Regter is. Dieselfde gebeur ten opsigte van die Heilige Gees en ook die Here Jesus. In Jesus het ons 'n fokus op 'n Vriend, die Een wat vir ons sondes gesterf het, wat ons met God versoen het. Maar Hy is ook die Here, die Vader het Hom as Regter oor die wêreld aangestel en dit was ook Hy wat mense met 'n sweep uit die tempel uitgejaag het. Hoe dink jy oor God? Vra God om Hom in groter volheid as Vader en Seun en Heilige Gees aan jou te openbaar.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 14
Kirghizstan het ‘n bevolking van 5,5 miljoen – Moslems 88,73% en Christene 5,27%. Daar is verskeie Christelike ondersteuningsbedienings. Daar is baie moontlikhede ten opsigte van literatuur en die elektroniese media, maar die grootste potensiaal vir ‘n positiewe impak is waarskynlik mediese hulp, gemeenskapsontwikkeling en besigheidsbediening. Bid spesifiek vir die vertaling, publikasie en verspreiding van die Bybel en ander Christelike literatuur.
Libanon het ‘n bevolking van 4,2 miljoen – Moslems 58,96% en Christene 31,97%. Bid vir die heling van diepgewortelde pyn in gemeenskappe, gesinne en individue. Meer as 80% van die bevolking is een of ander tyd gedurende die oorlog ontwortel. Vra vir ‘n uitstorting van God se Gees van vergifnis op almal wat geliefdes, huise en werk verloor het.

Proklameer oor alle Moslems: Hy [Jesus self] is die versoening vir ons sondes, en nie net vir ons sondes nie, maar ook die hele wêreld (1 Joh.2:2, Amp).

Maandag 15 Augustus 2011
Gebedsfokus: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Bid asseblief vandag vir elkeen wat in die verskillende kantore van Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk oor die land heen werk. Bid vir hulle wat werk met die webwerwe, databasisse en finansies, vir hulle wat materiaal skryf en seminare aanbied, hulle wat briewe, e-posse en telefoonoproepe beantwoord, hulle wat betrokke is by gebedsreise, en so meer. Bid dat God hulle sal beskerm en versorg (liggaam, siel en gees). Bid dat hulle in die nouste verbintenis met Jesus Christus self sal lewe. Bid asseblief dat die druk- en verspreidingsproses van die volgende uitgawe van Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids hierdie maand gladweg sal verloop, aangesien dit binne die volgende 12 dae gepos moet word. (Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk. Privaatsak X22, Lynnwood Ridge, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 086 594 0565. Webwerf: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 15
Kosovo het ‘n bevolking van 7,7 miljoen en deel van die Republiek van Serwië. Christene 80,37% en Moslems 16,10%. Jongmense wat die verwoesting gesien het wat deur hulle ouers se geslag aangerig is, is die ontvanklikste. Bid vir die uitreiking en openbaring van Christus se genesende liefde aan kinders, tieners, studente en veral ook aan verslaafdes.

Koeweit het ‘n bevolking van 3 miljoen – Moslems 81,64% en Christene 13,79%. Die oorgrote meerderheid Christene in Koeweit is buitelanders. Koeweit se materiële rykdom het weinig antwoorde op probleme verskaf. Islamitiese aktiwiteite is besig om toe te neem. Materialisme het steeds ‘n kragtige houvas, mense is ingestel op hul eie gemak en het nie ‘n visie oor hoe om hulle rykdom aan te wend nie. Bid dat Koeweitse leiers en hulle mense die Verlosser sal aanneem en dat hulle sal verstaan wat die waarde daarvan is om met vrymoedigheid te gee.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus is die opstanding en die lewe. Iemand wat in Christus glo, sal lewe, al sterwe hy ook. En elkeen wat lewe en in Hom glo, sal nooit sterwe nie (Joh.11:25-26).

Dinsdag 16 Augustus 2011
Gebedsfokus op herlewing: Die skool van lyding
Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader My gegee het nie? (Joh.18:11).
Dit was 'n groter ding om te doen en te sê as om die see te laat bedaar of dooies op te wek. Die profete en die apostels kon aangrypende wonders doen, maar hulle was nie altyd in staat om die wil van God uit te voer of daarvoor te ly nie. Om God se wil te doen en daarvoor te ly is steeds die hoogste vorm van geloof. Om die blinkste aspirasie van n jongmens vir ewig in die niet te maak verdwyn; om n onaangename daaglikse las te dra en om geen verligting te ervaar nie; om deur armoede gedruk te word as jy slegs genoegsaamheid vir die welsyn en gemak van jou geliefdes verlang; om vasgekluister te word deur een of ander ongeneeslike fisiese gebrek; om kaal gestroop te word van geliefdes totdat jy alleen staan om die skokke van die lewe te hanteer – om in staat te wees om in so 'n skool van dissipline te sê: Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader My gegee het nie? – dit is geloof in sy hoogste vorm en geestelike sukses op die vlak van bekroning. Groot geloof word nie sodanig vertoon in die vermoë om te doen as om te ly nie. (Dr. Charles Parkhurst. Streams in the Desert, 23/01/2010).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 16
Kazakhstan het 'n bevolking van 15 miljoen. Ongeveer 70,2% is Soenitiese-Moslems. Genadige Verlosser, openbaar Uself weereens aan die Christene in Kazakhstan sodat hulle nie anders kan as om van U te getuig teenoor ander Kazakhe nie.

Kenia het 'n bevolking van ongeveer 41 miljoen – Christene 82,61% en Moslems 8,32%. Korrupsie is onstuitbaar en sistemies – dit in 'n land waar 82% van die bevolking "Christene" is! Bid asseblief dat die Gees van God Christene sal bekeer om heilige lewens te lei, en om so te lewe dat ander Jesus ook sal wil volg.

Proklameer oor alle Moslems: En as een van ons sondig – ons het die Here Jesus, die regverdige as 'n voorspraak by die Vader...as ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken (1 Joh.2:1-3).

Woensdag 17 Augustus 2011
Gebedsfokus op die vestiging van 24-7 gebedshuise
Here, stort U Gees van gebed en smeking wêreldwyd uit op U kerk. Gee dat gebedshuise oor die wêreld heen gevestig sal word. Ons vra dat gelowiges getrou dag en nag die beloftes van U Woord sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil ook op die aarde sal geskied, net soos in die hemel. (Matt.6:10).

Bid dat Christene toenemend die begeerte sal hê om meer tyd in gebed deur te bring, nie net met intersessie nie, maar ook in eenvoudige aanbidding en lofprysing van God. Bid veral vir vervolgde Christene van die wêreld, dat hulle staande sal bly en daagliks 'n persoonlike ontmoeting met die Here sal hê.

Gebedsfokus op die ekonomie, sakesektor en arbeid
Namate voordele oor die jare verbeter het, raak werkers al hoe meer bewus van aftrede en wil hulle vir aftrede voorsiening maak deur middel van 'n maatskappy-aandeel/trust-eienaarskapskema en moontlik selfs ook 'n behuisingskema. Hoewel dit alles goed mag klink, is die verhouding met ons arbeidsmag dikwels een van wantroue en 'n "ons teen hulle"-mentaliteit. Bid asseblief vir beduidende deurbrake in die bou van

vertrouensverhoudings oor kulturele verskille en verskillende rolle en verantwoordelikhede van individue in maatskappye ens. Vra vir deurbrake op hierdie terreine wat weer vir ander lande 'n baken van wysheid uit Suid-Afrika sal word. Bid ook dat Christene nie bekommerd sal wees oor hulle "oudag" se voorsiening nie, en Hom sal bly vertrou wat beloof het om sy kinders te versorg tot in hulle gryse ouderdom.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 17
Irak het 'n bevolking van 31 miljoen. Ongeveer 97% is Sjiïet Moslems. Jesus Christus, gee dat radioprogramme wat die evangelie verkondig, skielik in afgeleë gebiede in Irak opgevang/gehoor sal kan word.

Israel het 'n bevolking van 7 miljoen – Moslems 16,70% en Christene 2,04%. Daar bestaan meer as 120 Hebreeussprekende Christelike gemeentes en moontlik 50 Russiessprekende gemeentes en 8 Amhariessprekende (Etiopiese) gemeentes asook enkele kleiner groepies met ander Europese tale. Israeli-gebore Messiaanse Jode is ongeveer 1,000. Bid vir groter vrymoedigheid om te getuig en volharding in geloof ten spyte van swaarkry en teenkanting. Bid vir die kinders en jongmense in Israel – dat hulle na Hom sal soek totdat hulle Hom vind.

Proklameer oor alle Moslems: Moses het immers gesê: 'Die Here julle God sal uit julle eie geledere 'n profeet soos ek laat voortkom. Gehoorsaam Hom in alles wat Hy vir julle sal sê. Elkeen wat nie hierdie Profeet gehoorsaam nie, moet van die volk afgesny word (Hand.3:22-26).

Partykeer vra mense: "Hoekom moet ons vir Moslems bid?"
Antwoord: "Omdat Hy Sy bloed vir hulle gestort het."
[Vir nog 8 riglyne oor hoe om vir Moslems te bid in jou gebeds-/Bybelstudiegroep, blaai na 5 en 7 Augustus, 2011].

Donderdag 18 Augustus 2011
Gebedsfokus op herlewing: Jesaja 58
Maak vandag tyd en lees biddend deur Jesaja 58. Skryf die dinge in hierdie gedeelte neer wat God haat/nie van hou nie. Skryf dan die opdragte neer wat Hy vir ons gee. Lees dit weer en skryf al die beloftes neer wat Hy aan sy kinders gee. Moenie haastig wees nie. Vra vir die Here of daar enigiets is wat jy moet bely of waarby jy betrokke moet raak om dinge reg te stel wat betref maatskaplike ongeregtigheid wat lyding veroorsaak vir die armes en behoeftiges. Versuim deur die kerk en die regering om hierdie situasie te probeer oplos, bring God se oordeel oor 'n nasie, sy leiers, die kerk en die mense.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 18
Indonesië het 'n bevolking van 229 miljoen. Ongeveer 86,1% is Soenitiese-Moslems. Here van die Oes, stuur asseblief meer werkers na Indonesië.

Iran het 'n bevolking van 71 miljoen. Ongeveer 98% is Sjiïet Moslems. Vader-God, maak deure oop vir die evangelie vir klein kinders en die ongeletterdes.

Proklameer oor alle Moslems: Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die

heiliging en die verlossing. Daarom soos daar geskrywe staan: “Die wat wil roem, moet in die Here roem.” (1 Kor.1:30-31).

WAT OM TE VERMY WANNEER JY TEENOOR ‘N MOSLEM GETUIG (verv. 12 Aug)

- Moenie die persoon van Mohammed aanval nie, maar moet hom ook nie as ‘n profeet aanvaar nie. Ons is geroep om mense te help om Jesus te vind, nie om ander te kritiseer nie.
- Moenie die Koran kritiseer nie.
- Vermy politiek-sensitiewe onderwerpe soos die Palestynse probleem en om Israel te prys.
- As jy volhard om Jesus “die Seun van God” te noem, kan dit aanvanklik probleme skep. Sommige Moslems glo dat Jesus vanuit ‘n seksuele verhouding tussen God en Maria gebore is. Jy kan doodgewoon net sê dat die Bybel dit nie so stel nie.
- Moenie in argumente oor vark en wyn betrokke raak nie: Ons as Christene is gestuur om Jesus te verkondig en nie om wette oor diëte neer te lê nie. Dit is goed om vol te hou dat dronkenskap verkeerd is. Moenie alkohol aan Moslems bedien nie. (Bron: www.30-days.net).

[Vir spesifieke riglyne oor hoe om ‘n gesprek met ‘n Moslem te voer, blaai na 10, 14, 21 en 26 Augustus, 2011].

Vrydag 19 Augustus 2011
Gebedsfokus op die vestiging van 24-7 gebedshuise
Volhard in gebed tot God om Sy Gees van gebed en smeking op elke gebedshuis oor die wêreld uit te stort (Sag.12:10). Bid vir krag vir elke bidder, vir volharding en eenheid onder die leiers, guns by gelowiges en nie-gelowiges in die omliggende gemeenskappe en die nodige fondse en persele vir elke gebedshuis om die werk te doen waarvoor God hulle geroep het.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 19
Guinee het ‘n bevolking van 10 miljoen – Moslems 88,33% en Christene 4,47%. Daar is ‘n groot behoefte aan leierskapsopleiding vir pastore en lidmate. Bid asseblief dat leiers opgelei sal word in die waarheid van die Woord, en vir die uitbreiding van die kerk en evangelisasie.

Indië het ‘n bevolking van 1,2 biljoen, wat dit etnies die mees diverse nasie ter wêreld maak, met meer as 2 500 verskillende onderskeibare mensegroepe. Ongeveer 14,2% is Moslems. Bid tot die Here van die Oes dat Hy werkers na hierdie ontsaglike groot groep mense sal stuur, en hulle sal begunstig en sal onderskraag. Bid dat werkers sal verstaan dat God se huis ‘n huis van gebed moet wees.

Proklameer oor alle Moslems: Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle ook werklik. Ons Paaslam is immers geslag, dit is Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg nie of die suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie, maar met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid. (1 Kor.5:7-8).

Saterdag 20 Augustus 2011
Gebedsfokus op herlewing

Vra dat die Here duisende mense, veral jongmense, sal roep om hulle lewens te gee in diens van die armes en behoeftiges. Tienduisende Christene van alle ouderdomme het reeds presies dit gedoen. Bid dat gemeentes en Christene hierdie sendelinge finansieel, geestelik en emosioneel sal ondersteun. Hulle werk onder moeilike omstandighede en het 'n groot behoefte aan gebed en ondersteuning. Gaan en verkondig die goeie nuus oor die hele wêreld (Mark.16:15). Bid dat elke Christen sal verstaan dat hy/sy 'n sendeling is – en kragtig sal getuig waar hy/sy ookal lewe en werk. Laat ons volhard om vir 'n kragtige landswye herlewing in die kerk te bid.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 20
Ethiopië het 'n bevolking van bykans 85 miljoen – Christene 61% en Moslems 34%. Die Bybel word toenemend versprei en gelees; die aanvraag oorskry verreweg die aanbod. Bid dat nuwe vertalingsprojekte wat in talle van die vele tale ontstaan het, gou voltooi sal word en dat duisende tot bekering sal kom deur die lees van die Woord.

Gambië het 'n bevolking van 1,7 miljoen – Moslems 89,49% en Christene 4,48%. Bid vir deurbrake vir die evangelie in die onbereikte gemeenskappe in Gambië: a) Mandinka. Vyf en negentig persent van al die Mandinkas is Moslems, wat glo in 'n mengsel van Islam en tradisionele gebruike. b) Fulani. Hulle unieke kultuur vereis 'n ander manier van kerk as wat ons normaalweg aan gewoond is. c) Jola. Bid dat meer Jolas hulle tot Christus sal wend. Bid vir doeltreffendheid in die mediese, vertalings- en kerkplantingbedienings in hulle gebiede. d) Wolof, Serahule en Serer – kom almal oorwegend in die naburige Senegal voor. Almal van hulle is gebrekkig geëvangeliseerd met baie min uitreike of sendingwerk wat op hulle gerig is.

Proklameer oor alle Moslems: As julle die Vader aanroep wat onpartydig oor elke mens volgens sy dade oordeel … weet julle tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud uit julle oorgeërfde sinlose bestaan losgekoop is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is. (1 Pet.1:17-21).

WAT MOSLEMS DINK OOR DIE DOOD EN OPSTANDING VAN JESUS

- *Islam ontken dat dit nodig was vir Jesus om vir ons sondes te sterf. Baie Moslems glo dat die God van Abraham sondes kan vergewe sonder 'n plaasvervangende offer.*
- *Islam ontken die feit van Jesus se dood aan die kruis. Sommige groepe binne Islam leer dat Jesus hemel toe is sonder dat Hy gesterf het. Hy is volgens hulle nooit gekruisig nie. Moslems glo dikwels dat Judas, die verraaier, sy gesig op 'n wonderbaarlike manier verander het om soos Jesus te lyk en in die plek van Jesus gesterf het as 'n oordeel van God.*
- *Islam ontken die krag van Jesus se dood om ons sonde en skuld weg te neem.*
- *Islam ontken Jesus se opstanding en Sy oorwinning oor die dood.*
- *Islam ontken dat Jesus die Messiaanse Koning is wat oor die hele wêreld gaan regeer.*

Sondag 21 Augustus 2011
Persoonlike herlewing: Onvermydelike realiteite (Deel 1)

Daar is onvermydelike realiteite in die lewe. Indien dit nie erken, herken en vrede daarmee gemaak word nie, sal dit ons geestelike groei verhinder en ons harte sal voortdurend vol onrus en onvergenoegdheid wees.

Die lewe is hard. Ons het dikwels 'n idee dat indien ons net hierdie één hindernis of uitdaging kan oorkom, dit verder goed sal gaan. Sonder om fatalisties te wees moet ons weet die lewe is vol uitdagings, stryd, moeilikheid, onreg, siekte, dood en rampe. Die lewe gaan nie oor my nie. Vir die Christen gaan die lewe nie oor hom- of haarself nie. Ons lewe vir God en God plaas ons op aarde om vir ander tot seën te wees. Ons moet eerstens God, maar ook ons naaste liefhê. Indien ons nie 'n streep deur self in al sy vorme trek nie, sal ons lewenslank onvergenoegd wees en altyd voel dat mense ons iets skuld. In prysgee, weggee, lê ons seën. Ek is nie in beheer van my eie lewe nie. Hierdie beginsel is vir baie mense nogal moeilik. Ons wil graag ons eie toekoms bepaal. Al die motiveringsprekers verseker ons dat ons alles kan doen, alles is moontlik vir die persoon wat wil, "I am the captain of my soul", ons moet beheer van ons lewens neem en dit doodgewoon maak werk. 'n Deel daarvan is wel waar. Die volledige waarheid is egter dat God soewerein in beheer is en Hy werk volgens Sy eie volmaakte raadsplan. God is in beheer van my lewe, nie ekself nie. Ek het 'n verantwoordelikheid om volgens sy wil te lewe en wanneer ek dit doen, kan ek op God se hulp, leiding en ondersteuning reken, maar uiteindelik is Hy in beheer.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 21
Egipte het 'n bevolking van 77 miljoen. Ongeveer 90% is Soenitiese-Moslems. Vader, uit Egipte het U U Seun geroep. Roep by name hulle wat U in Egipte uitverkies het.

Eritrea het 'n bevolking van 5,2 miljoen – Moslems 50,26% en Christene 47,31%. Bid vir die minder bereiktes, spesifiek vir deurbrake vir die effektiewe prediking van die evangelie aan: die Tigre, meestal Moslem; die Jabarti, 'n Moslem-minderheid onder die Tigrinya; die Afar en die verwante Saho, hoofsaaklik nomadies met min Christene. Ook die Beja en Nara volke van die noordweste, onder wie daar sover bekend geen Christelike getuienis is nie, en die Arabiese Rashiada, wat in die negentiende eeu vanaf Saoedi-Arabië gemigreer het.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus is IMMANUEL, wat vertaal word, as "God by ons" (Matt.1:23).

Maandag 22 Augustus 2011
Gebedsfokus op redding: Veiligheid van lughawens
Daar kom elke dag dwelms en ander onwettige goedere deur ons land se lughawens die land binne en gaan ook daardeur uit. Bid asseblief vir die redding van elke sekuriteitspersoon op die lughawens. Bid dat hulle bonatuurlike wysheid of wenke sal kry en sal slaag in hulle pogings om diegene aan die kaak te stel wat onwettige goedere probeer insmokkel. Bid dat die vrees van die Here op persone sal kom wat deur ons lughawens gaan, sodat hierdie misdade geheel en al sal ophou.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 22
China het 'n bevolking van 1,3 biljoen – nie-religieus 44,36%, Christene 7,92% en Moslems 1,87%. China bly amptelik ateïsties, en die aantal lede van die Kommunistiese Party is meer as 70 miljoen. Christene beïnvloed en tree op in maatskaplike

aangeleenthede en het ‘n impak op miljoene lewens. Bid dat hierdie projekte tot in die hart van China sal reik en dat baie siele aangeraak en gered sal word.

Djiboeti het ‘n bevolking van 879 053 – Moslems 97,03% en Christene 1,75%. Die enkele Somaliese en Afar gelowiges is dikwels geïsoleerd en is onderhewig aan baie druk van familie. Hulle gesinne kan familiebande afsny, hulle slaan of hulle selfs vermoor omdat hulle Islam opgesê het. Bid dat hulle standvastig sal bly in hulle verbintenis om Christus te volg. Klein groepe plaaslike gelowiges kom gereeld byeen. Bid vir doeltreffende gebruik van die Skrif in hierdie byeenkomste en dat die Heilige Gees in elkeen se hart sal werk.
Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus is deur Sy dood die Middelaar van die nuwe verbond, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang. (Heb.9:13-15).

Dinsdag 23 Augustus 2011
Gebedsfokus op herlewing: Ons Helper in gebed
Terwyl ons dan nou ‘n groot Hoëpriester het ... Jesus die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word (Heb.4:14-16). Ons groot Helper in gebed is Jesus Christus, ons Voorspraak by die Vader, ons groot Hoëpriester. Sy hoofbediening die afgelope eeue was intersessie en gebed. Dit is Hy wat ons onvolmaakte versoeke uit ons hande neem, dit reinig van gebreke, die foute regmaak, en dan die antwoorde daarop van Sy Vader vra vir Sy eie rekening op grond van Sy volkome verdienste en Sy volmaakte geregtigheid. Gooi jy tou op met jou gebede? Jou geseënde Voorspraak het reeds jou antwoord gevra, en jy sal Hom bedroef en teleurstel as jy nou die stryd gewonne gee die oomblik wanneer die oorwinning op pad is na jou toe. Hy het ter wille van jou die binneste heiligdom ingegaan, en hou alreeds jou naam in die palms van Sy hande. (Streams in the Desert, 24 Januarie 2010).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 23
Broenei het ‘n bevolking van 407 045 – Moslems 65,31% en Christene 11,39%. Die Sultan is na bewering die wêreld se rykste koninklike en onwillig om die ekonomie te diversifiseer en regeringstrukture te liberaliseer omdat hy glo dat buitelandse invloede die land kan destabiliseer. Bid vir bekerings in die groot koninklike familie; die Sultan het reeds tekens getoon van toenemende geestelike belangstelling. Bid ook dat die Sultan se onderdane wat hom navolg, geestelike waarhede sal soek en sodoende vir Jesus sal vind.

Burkina Faso het ‘n bevolking van 13 miljoen. Ongeveer 50% is Soenitiese-Moslems. Jesus, laat U vlag oor Burkina Faso opgaan, laat U Naam voor diegene uitgaan wat U na Burkina Faso stuur om die evangelie te gaan verkondig en die siekes gesond te maak.

Proklameer oor alle Moslems: Die evangelie is met ‘n sluier bedek vir dié wat verlore gaan, hulle verstand is deur die god van hierdie wêreld verblind, hulle wat nie glo nie, sodat hulle nie die lig van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, kan sien nie. Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here (2 Kor.4:3-5).

Woensdag 24 Augustus 2011
Gebedsfokus op die vestiging van 24-7 gebedshuise
Bid vir die 24-7 Prayer Movement onder die jeug in Engeland, onder die leierskap van Pete Greig. Vra dat die Here hulle genade en guns sal gee, spesiaal vir die jongmense van Engeland en die Europese buurlande, sodat baie sal begin om in gebed tot God te roep. Bid dat Christene nie jammer sal voel vir hulleself nie, maar dat hulle sterk gebedstryders sal word wat beslag sal lê op die koninkryk van God sodat baie ander by Jesus sal uitkom.

Gebedsfokus op die ekonomie, sakesektor en arbeid
As arbeidsonrus in enige vorm eers posgevat het, word dit gewoonlik gebou op idees wat die waarheid weerspieël van een van die betrokke partye sonder om erkenning te gee aan die probleme van die ander party wat die aanspreeklikheid van 'n onderneming sal kompromitteer. Ten einde die wantroue uit die weg te ruim, vra vir nuwe wysheid van God vir die bestuur en werkers, sodat hulle bereid sal wees om openhartig te kommunikeer oor minstens 'n paar konkrete dinge wat deur die werknemers in 'n positiewe lig beskou word.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 24
Benin het 'n bevolking van 9 211 741 – Christene 39,89% en Moslems 23,50%. Animisme is 'n kragtige invloed in Benin. Alhoewel Christenskap op die punt staan om die etniese godsdienste in die nabye toekoms in getalle verby te steek, het menige Christen 'n kompromie-geloof, waar hulle Sondag in die kerk is en gedurende die week 'n toordokter raadpleeg. Bid vir 'n herlewing wat die kerk so sal suiwer dat Christene God alleen sal aanbid. Bid dat baie toordokters die krag van Jesus Christus sal ervaar en hulle na Hom sal keer.

Bosnië-Herzegowina het 'n bevolking van 3,7 miljoen – Moslems 54,16% en Christene 40,98%. Bid die Vader in die Hemel dat Hy die vertoning en reaksie op die JESUS Film, wat in Serwies, Bosnies, Kroasies en Romani beskikbaar is, met Sy guns sal seën. Bid dat meer Christelike radiostasies die evangelie sal uitsaai en dat baie gereeld daarna sal luister en sal glo.

Proklameer oor alle Moslems: Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak. (Joh.1:18).

Donderdag 25 Augustus 2011
Gebedsfokus op herlewing: Om een te word
Wanneer herlewing kom, is daar geen vrees dat ander kerke ons kerklidmate sal steel nie. Herlewing maak mense op 'n vreemde manier een en vernuwe die basiese beginsels van die Christelike geloof volgens die Skrif op 'n kragtige wyse. Bid dat ons Sy tasbare Goddelike heerlikheid in ons eie tyd sal smaak, dat ons waarlik een sal wees, soos Jesus en die Vader een is, in wat ons glo, wat ons najaag en wat ons in Sy Koninkryk doen.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 August 2011: Dag 25
Bahrein het 'n bevolking van 807 131 – Moslem 83,23% en Christene 9,81%. Hoëspoed-internetverbinding is landwyd beskikbaar, en gee toegang tot verskillende Christelike hulpbronne. Kletskamers is veral baie gewild, aangesien soekers anoniem vrae oor Jesus

kan vra. Bid dat hulle webwerwe sal vind wat die liefde en lewe in Jesus Christus verduidelik.

Bangladesj het ‘n bevolking van 162 miljoen. Ongeveer 89% is Soenitiese-Moslems. Almagtige God, begunstig wetgewing vir die vrye prediking van die evangelie in Bangladesj.

Proklameer oor alle Moslems: Voor God, wat aan alle dinge die lewe skenk, en voor Christus Jesus, wat teenoor Pontius Pilatus getuienis afgelê het van die goeie belydenis, beveel ek jou: “Voer jou opdrag stiptelik en onberispelik uit tot op die dag dat ons Here Jesus Christus kom.” Sy verskyning sal op die bestemde tyd plaasvind. Daarvoor sorg God, die goeie en enigste Heerser, die Koning van die konings en die Here van die heersers. Hy alleen besit onsterflikheid; Hy woon in ontoeganklike lig. Geen mens het Hom gesien of kan Hom sien nie. Aan Hom kom toe eer en ewige mag! Amen (1 Tim.6:13-16).

SPESIFIEKE GESPREKSRIGLYNE (Verv. 19 Aug)

Fokus aanvanklik op areas van ooreenstemming. In jou eerste ontmoeting met Moslems, en selfs later, is dit goed om soveel as moontlik met mekaar saam te stem oor gemeenskaplike geloofsbeginsels. Hulle glo dat daar een God is, die God van Abraham. In Arabies is die woord wat gebruik word vir God “Allah” (Arabiese Christene gebruik ook hierdie woord as naam vir God). Moslems glo dat God die wêreld gemaak het, dat Hy alles weet, dat Hy alwys en almagtig is. Moslems glo nie in die Drie-eenheid nie. Hulle glo in engele en in profete soos Abraham, Moses, Dawid, Noag en Jesus. Hulle glo in die laaste oordeel. Oor die algemeen kan ons oor hierdie punte saamstem sonder om die verskille te vergeet. Wanneer ons bevestig dat ons hierdie dinge glo, help dit hulle om met groter begrip en openheid na ons te luister.

Gebruik stories. Vertel stories oor die lewe van Jesus en ander manne en vroue wat in die Bybel genoem word. Die meeste Moslems het nog nooit die geleentheid gehad om die Skrif te lees nie (baie van hulle het nog nooit hulle eie boek, die Koran, deurgelees nie). Leer om gelykenisse, stories en voorbeelde uit die Bybel en daaglikse lewe te gebruik om die boodskap te vertel. Op dié manier sal jou Moslemvriende ook julle gesprekke beter onthou.

Gebruik beskikbare materiaal. Hou ‘n verskeidenheid Evangelies, die Jesus Film, kassette, CD’s en DVD’s in verskeie tale byderhand. Soek hulle op. Moenie bang wees om hulle in hulle huise te besoek nie en nooi hulle uit na jou huis toe. Dit kan wys wees om hulle aanvanklik net vir ‘n nagereg te nooi om die probleme rakende die bedien van vleis te vermy.

Argument. Jou kans om Moslems met argumente te probeer oortuig is baie min. Westerse logika dra nie dieselfde gewig by Moslems nie. Wees lief vir jou Moslemvriende sonder om in argumente betrokke te raak wat hulle dwing om Islam te verdedig.

Die Koran. Jy kan dit lees, maar moet dit nie gebruik as ‘n basis om te getuig nie. Moslems moet die Jesus ontmoet wat in die Bybel geopenbaar word. As jy die Koran lees of ‘n moskee besoek, is dit goed om te bid vir die Here se beskerming en begrip (Ef.6:10-18).

Mans getuig teenoor mans en vrouens teenoor vrouens. Om te getuig oor geslagsgrense heen word ontmoedig, selfs deur korrespondensie. Respekteer hulle kultuurreëls.

Berei hulle voor vir hulle eerste besoek aan die kerk. Verduidelik kortliks aan hulle wat hulle moet en nie moet doen nie.
Teenkanting teen die Christendom. As ons met Moslems gesels sal hulle waarskynlik beswaar maak omdat ons geloof in die Messias vir hulle onaanvaarbaar is. Christene moet vooraf van hierdie besware bewus wees en bereid wees om op die regte manier daarop te reageer. (Source: www.30-days.net). *[Vir meer inligting oor wat Moslems glo en wat die Koran sê oor Jesus, blaai na 28 Augustus].*

Vrydag 26 Augustus 2011
Die Wes-Kaap het die ergste mishandeling van vroue en kinders
Volgens die Minister van Vrouesake, Kinders en Mense met Gestremdhede het die Wes-Kaap die hoogste voorkoms van die mishandeling van vroue en kinders in die land. (Webwerf: http://www.sabcnews.co.za/portal/site/SABCNews/menuitem.5c4f8fe7ee929f602ea12ea1674daeb9/?vgnextoid=5c99eab24928c210VgnVCM10000077d4ea9bRCRD&vgnextfmt=default). Vra God om in te gryp. Bid asseblief dat vaders, broers en jong mans 'n duidelike openbaring van hulle barmhartige Hemelse Vader sal kry. Vra dat baie hulle wandade sal regstel deur om vergifnis te vra en hulle optrede sal staak. Bid dat die slagoffers heling en herstel sal verkry, en ook die genade om te kan vergewe.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 26
Die Nag van Mag, of "Laylat ul-Qadr" in Arabies, is van die mees betekenisvolle oomblikke van die Islamitiese jaar. Moslems glo dat groepe engele in hierdie nag uitgestuur word om spesiale take uit te voer. Party kom aarde toe om Allah te aanbid, en ander kom om die versoeke van gelowige Moslems te verwesenlik. Moslems word dikwels aangemoedig om die hele nag wakker te bly en om vir seën en vergifnis te bid. Dit is die tyd van die jaar wanneer Moslems ietwat meer vertroue het dat God sal hoor en in hulle belang sal optree. Groot getalle sal in desperaatheid bid en werklik hulp by God soek.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus, die Seun van God is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde, wat is en wat was en wat kom, die Almagtige (Op.1:8).

Saterdag 27 Augustus 2011
Gebedsfokus op huishoudings in Suid-Afrika met 'n kind aan die hoof
In 2001 was daar ongeveer 248 000 huishoudings waar die hoof daarvan onder die ouderdom van 20 was; dit was 2,1% van huishoudings. In 2009 het dit gedaal tot 175 000 huishoudings (1,3% van huishoudings). (Fact a Day. Webwerf: http://www.eighty20.co.za/blog/ of e-pos: info@eighty20.co.za of fact.a.day@eighty20.co.za). Dit beteken dus een van twee dinge: óf die kinders is nou ouer as 20 en steeds verantwoordelik is vir daardie huishoudings, óf dat baie meer kinders as ooit tevore haweloos is. Bid asseblief vir kinders op straat en dié van hulle wat vir broers en susters moet sorg, dat hulle 'n kans sal kry om Jesus te leer ken en geleenthede om hulle lewens te bou tot die verheerliking van Sy Naam.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 27
Algerië het 'n bevolking van 34 miljoen. Ongeveer 99% is Soenitiese-Moslems. Eersgeborene uit die dood, laat die suiwerheid van die evangelie baie Algeryne oortuig om hulle harte aan U oor te gee.

Azerbeidjan het ‘n bevolking van 8,9 miljoen – Moslems 87,58% en Christene 2,74%. Drakoniese registrasiewetgewing wat in 2010 ingestel is, maak die lewe nie net vir die Christengroepe moeilik nie, maar ook vir ander gelowe, insluitend Moslems. Die regering wil godsdiensbeoefening reguleer en beperk, omdat hulle dit klaarblyklik as ‘n bedreiging beskou. Bid vir die verkondiging van die evangelie, veral aan regeringsamptenare.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus is die Heilige en die Regverdige, die Leidsman van die lewe, vir wie God uit die dood opgewek het. Deur die geloof in Sy Naam, het Hy volkome herstel gegee (Hand. 3:14-16).

Wat sê die Koran oor Jesus?

Selfs al is die gedagtes uit die Koran wat hieronder gelys is dieselfde of ooreenstemmend met Bybelse lering, dink Moslems nooit aan Jesus as goddelik of dat Hy ons kan red deur Sy dood en opstanding nie. Hulle dink aan Hom as ‘n profeet wat ‘n boek met die titel die “Evangelie” vir ons gebring het. Verskeie hoofstukke (suras) en verse word hieronder gelys. Jesus word gewoonlik in die Koran “Isa” genoem.

Verskillende titels, rolle en aktiwiteite word aan Jesus toegeskryf. Hier is ‘n paar voorbeelde:

1. Jesus is die woord van God: Sura: 3:45; 5:46, 110 en 57:27
2. Jesus is die Messias: Sura: 3:45; 4:171; 5:17, 72, 75
3. Jesus is ‘n Profeet of Boodskapper van God af: Sura: 3:49; 6:85; 19:30; 57:27
4. Jesus het dooies opgewek en die siekes genees: Sura: 3:49; 5:110
5. Jesus is rein en sondeloos: Sura: 19:19

Sondag 28 Augustus 2011

Persoonlike herlewing: Onvermydelike realiteite (verv. 21 Aug)

Ek is nie belangrik nie. Dit is wat Johannes die Doper in Joh.3:30 sê: “Hy moet meer word en ek minder.” Ons is so belangrik in ons eie oë. Selfs wanneer ons die Here se werk doen, is ons geneig om te dink ons is baie belangrik en dat God nie eintlik sonder ons kan klaarkom nie. Ons sê dit nie met ons woorde nie, maar ons optrede, en die gesindheid van ons harte weerspieël dit dikwels. Ek gaan sterf. Die dood is onvermydelik. Baie van ons wil nie aan die dood dink nie. Die feit dat ons gaan sterf, is een van die dinge wat met ALLE mense gebeur. Die een wat weier om hierdie basiese feit te aanvaar, loop voortdurend met ‘n sluimerende vrees en ‘n onrealistiese verwagting van die toekoms in sy hart. Vir die Christen is daar die wete dat ons na die dood vir ewig by God gaan wees, maar dit is nogtans nodig dat ons die dood reguit in die oë sal kyk en hierdie saak voor die troon van God en in ons hart sal verreken. Daarna sal ons vry wees om die lewe wat God gee, voluit te lewe. Wanneer ons dit doen, word die angel uit die dood uitgehaal en kan daar in groot vryheid gelewe word.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 28

Afghanistan het ‘n bevolking van 33 miljoen. Ongeveer 99% is Soenitiese-Moslems. Heerser oor die nasies, stuur Christene om getuienis aangaande Jesus teenoor die regeringsleiers oor die hele Afghanistan te lewer.

Albanië het ‘n bevolking van 3 miljoen – Moslems 62,40% en Christene 30.47%. Islam gemeng met bygeloof floreer. Bid dat Albaniese Moslems die lewende Christus elke dag van hulle lewe sal ontmoet.

Turkye het ‘n bevolking van 72 miljoen. Ongeveer 99,8% is Soenitiese/Sjiïet Moslems. Koning van vrede, laat U Woord vinnig in Turkye versprei, besoek hulle in die nag en verskyn aan hulle deur die dag.

Proklameer oor alle Moslems: Christus is die hoof van die kerk; en Hy is die Verlosser van die liggaam (almal wat deur Hom geroep is) (Ef. 5:23).

Maandag 29 Augustus 2011
Gebedsfokus op redding: Vlugkelners en lugwaardinne
Bid vandag veral vir vlugkelners en lugwaardinne wat dikwels op tot ses nasionale vlugte per werksdag diens doen. Bid vir hulle beskerming teen beledigings, onsmaaklike kommentaar en ook ongelukke. Bid vir hulle redding, dat elke individu vandag die persoonlike belangstelling van die Here in hulle lewens sal beleef, dat hulle harte oop en ontvanklik vir Christus sal wees en dat hulle hulle lewens aan Hom sal oorgee. Bid dat Christene op so ‘n manier oor Sy liefde teenoor hulle sal getuig dat hulle harte daarna sal verlang om Hom te ontmoet.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 29
Viëtnam het ‘n bevolking van 89 miljoen. Ongeveer 52% is Boeddhiste, 9% is Christene. Die diepste geestelike getrouheid in Viëtnam is nie aan Kommunisme, Boeddhisme, Taoïsme of Confucianisme nie. Dit is die verering en aanbidding van die voorvaders wat die diepste loop en hulle hele godsdiens oorheers. Die impak daarvan word gewoonlik onderskat. Christene word met moeilike vrae gekonfronteer wanneer hulle Bybelse antwoorde hieroor moet gee. Bid tot die Vader van heerlikheid dat die evangelie met wysheid verkondig en tuisgebring sal word in hierdie situasie.

Sri Lanka het ‘n bevolking van 20,4 miljoen – Boeddhiste 70,02%, Hindoes 12,80%, Moslems 8,52% en Christene 8,38%. Tradisionele hoofstroomkerke het verminder van 21% (1722) tot 7% (2010). Bid asseblief dat daar herlewing in die plaaslike gemeentes sal kom, dat baie inheemse sendelinge opgewek sal word en die evangelie vrymoedig sal verkondig.

Proklameer oor alle Moslems: Simon Petrus het geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.” “Gelukkig is jy, Simon Barjona,” het Jesus vir hom gesê, “want dit is nie ‘n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is (Matt.16:16-17).

Dinsdag 30 Augustus 2011
Gebedsfokus op herlewing: Wanneer herlewing kom, verander alles. Dit is nie meer nodig om mense te probeer oorreed om na ‘n gebedsbyeenkoms te kom nie; eerder, om hulle sover te kry om huis toe te gaan! Dit is nie meer die geval dat een of twee mense hulle harte aan die Here gee en dan steeds worstel om op die Christelike pad te loop nie. Mense bely hulle sondes openlik, getuig dat Jesus hulle vry en nuut gemaak het en hardloop dan die Christelike wedloop met blydskap in hulle harte. Roep tot die Here dat Hy ons nog in hierdie geslag met herlewing sal begenadig.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 1-30 Augustus 2011: Dag 30
Wes-Sahara (ingesluit onder Marokko) het 'n bevolking van 32,7 miljoen – Moslems 99,88% en Christene 0,09%. Daar is slegs 'n handjievol Christene in die hele land. Bid vir die vertoning van die JESUS Film in huise, gemeenskappe en baie afgeleë plekke in die land. Vra dat baie hulle tot Christus sal bekeer in 'n tyd waarin sendingwerk bykans heeltemal verbied is.
Jemen het 'n bevolking van 23 miljoen. Ongeveer 99% is Soenitiese/Sjiïet Moslems. Enigste Heilige God, stort U Gees uit oor hulle wat soek na meer en lei hulle na Christene in hulle omgewing.

Proklameer oor alle Moslems: Jesus Christus is geklee in 'n kleed wat in bloed gedoop is, en Sy naam is Die Woord van God (Op.19:13).

Woensdag 31 Augustus 2011
Gebedsfokus op danksegging: Ramadaan 2011
Dank die Here vandag vir miljoene gebede wat die afgelope 30 dae verhoor is. Loof en prys Hom dat Hy siele red, lewens verander, gebroke harte heelmaak, hoop aan gevangenes gee en dat Hy Homself aan die versluierde mense van die wêreld bekend maak as die ware lewende God. Dank God in alles, want dit is die wil van God in Jesus Christus vir julle (1 Tess.5:18). Onthou om altyd dankie te sê nadat jy intersessie gedoen het vir enigiets wat God jou op die hart lê.

Deurbraak in Liberië
Een van die hoof-inisiatiewe van Medical Teams International is die heroprigting van mediese klinieke. Op sommige plekke in Liberië het kinders onder die ouderdom van vyf teen 'n tempo van 20% gesterf. Dit het nou verminder tot 10%. Namate kinders beter gesondheid geniet, stel meer en meer mense belang in die Here. Bid dat hierdie werk sal voortgaan om mense na die evangelie aan te trek. Bid dat hulle sal oopmaak en Christus sal aanneem en dat hulle self predikers van die Lewende God sal word. Bid ook vir stamina en geestelike krag vir die gelowiges wat onvermoeid aan hierdie projekte werk. (Webwerf: http://www.mnnonline.org/article/15295).

Deurbraak: Gratis Audio Bible Podcasts in 400 Tale
Draagbare oudio's het geweldig ontwikkel sedert die kassetspelers van die 1980's. Volgens 'n nuusberig van Faith Comes by Hearing, is gratis oudio Bybelpotgooie (Podcasts) nou beskikbaar by die iTunes Store asook 10 ander potgooinetwerke en hulle het 449 gratis Oudiobybelpotgooie in die iTunes Store. (Webwerf: http://itunes.apple.com/us/artist/faith-comes-by-hearing/id349979282). In die eerste 90 dae is daar op meer as 1 miljoen hoofstukke van Faith Comes by Hearing se oudio Bybelpotgooie ingeteken! Die gratis gedramatiseerde Oudiobybels het verskillende karakterstemme, klankeffekte en musiek, maar is woord-vir-woord Skrifopnames. Meer as 35 jaar lank al verskaf Faith Comes By Hearing aan die wêreld se arm en ongeletterde mense Skrif in hulle eie tale. Vir meer inligting www.faithcomesbyhearing.com

Donderdag 1 September 2011
Gebedsfokus op evangelisasie: Every Home For Christ (EHCSA)

Every Home for Christ, South Africa (EHCSA) voorsien evangelisasiemateriaal aan uitreikspanne wat huise, tronke, skole en hospitale besoek. Die boekies, The Way to God/Help from Above en The Gospel of John/Seven Steps to Knowing God versterk baie nuwe Christene. Bid asseblief vir die uitreikspanne en ook vir ‘n honger vir die Woord van God in die harte van die mense wat na die boodskap van hoop luister. (EHCSA, Posbus 7256, Centurion 0046. Tel.: 012 663 4587. Webwerf: www.ehcsa.co.za of e-pos: info@ehcsa.co.za).

Gebedsfokus op kinders in Niger

Niger is een van die vyf armste lande in die wêreld, en het ook die hoogste aantal geboortes. Baie kinders en min finansiële opsies lei tot ‘n hooplose atmosfeer van onbehandelde siektes en gestremdhede. Dank die Here vir ‘n nuwe kinderhospitaal in Niamey. Die hospitaal sal gratis operasies vir tot 2 000 gebreklike kinders in ‘n jaar verskaf terwyl die evangelie van hoop aan hulle en hulle gesinne bedien word. Bid dat hierdie nuwe hospitaal op ‘n vaste grondslag sal begin, gewortel in Christus, en dat dit tegelyk ‘n bron van fisiese sowel as geestelike genesing sal wees. Bid dat gesinne aangeraak sal word deur die liefde van Christus wat hulle sien in die dokters, die personeel en die hospitaal se versorging oor die algemeen. (Webwerf: http://www.mnnonline.org/article/14879).